# 17 April 2024 - Lesing 290 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

## Begin van die ontvangs van die woord, (25 jaar gelede 15 Junie 1937) – 15/6/62

**NO: 8192** EK het beloof om aan julle die Trooster te stuur, die Gees van die Waarheid. EK het dit ook gedoen deur aan julle die suiwere Waarheid te bring via een van My toegeneë aardse kinders (Bertha Dudde) aan wie EK die missie toevertrou het om hierdie Waarheid aan die mense deur te gee wat bereid is om dit aan te neem. EK het dus vir julle mense ‘n lig aangesteek wat nie onder ‘n emmer gesit mag word nie, wat helder moet uitstraal in die nag wat oor die aarde uitgesprei is, omdat hierdie donkerheid maar net nog deurbreek kan word deur ‘n “**lig uit die hoogte”.**

EK het aan julle **My Woord** gestuur en julle Self aangespreek. Deur My Woord is EK by julle teenwoordig, **al is dit aan julle mense gebring deur My dienares.** Die ‘ontvanger’ (B.D.) van My Woord hoor My Self, want sy staan in so ‘n innige verhouding met My dat EK haar direk kan aanspreek, sodat sy ‘n bewys van My teenwoordigheid kan toon deur My Woord, - **wat aan haar en aan julle almal gerig is**. Want My Woord weerklink in haar en onthul aan julle die diepste geheime. Dit voer julle in die Waarheid binne en in ‘n Kennis wat vanuit die waarheid ontspring, omdat Ek Self tot julle spreek **en julle slegs die suiwer Waarheid vanuit My kan bereik**.

Julle het dus ‘n geskenk van My ontvang van onskatbare waarde en julle kan julleself gelukkig ag dat EK julle aangespreek het, want niemand kan van julle wegneem wat EK aan julle gegee het nie en wat julle in geloof aangeneem het. Julle siel het daarmee iets kosbaar ontvang wat vir haar spys en drank beteken en haar ook help met haar ontwikkeling, **sodat sy haar aardse lewensdoel kan bereik**, omdat sy verbinding soek met My, haar God en Skepper en haar Vader van ewigheid.

Steeds weer sal die ontvanger van My woord (Bertha Dudde) hierdie genadegeskenk by julle aanvul. Steeds weer sal sy die genademiddel met so ‘n enorme werking van My af ontvang, om julle mense te help om so die doel op aarde te bereik. Want daardeur sal julle steeds nader aan My kom en **geleidelik krag ontvang** om aan die voleinding van julle siel te werk.

En daarom sal EK nie ophou met die bron wat EK ontsluit het om steeds die “lewende water”, d.w.s. My woord, te laat binnestroom nie, want julle mense het voortdurend ‘n toevoer van krag nodig.

Julle moet julle daarom ook voortdurend neerplaas by hierdie “bron” om julle te lawe, om daaruit te skep om julle deur My kragstroom te laat verkwik. Julle moet stadig drink van die lewende water wat na julle toe stroom **uit die fontein van My onuitputlike Liefde en Genade**, want dit bly tot in ewigheid. Daarom sal EK die Bron van My genade nie laat opdroog nie en My steeds weer tot My kind (B.D.) wend **wat haar wil vir My skenk en wie deur My aangespreek wil word**.

Daarom sal EK daarvoor sorg dat hierdie krag steeds na haar toe sal vloei solank as wat sy vir My besig sal wees, want **My kind gee haarself heeltemal in My hand oor,** sodat EK die leiding kan neem. EK kan haar dus liggaamlik en geestelik laat toekom wat sy nodig het om haar missie te vervul, wat sy vrywillig op haarself geneem het. EK alleen weet hoe belangrik hierdie missie is en welke sukses tallose siele daardeur kan behaal, wat hulleself in groot nood bevind, want vir hulle is hierdie missie ‘n reddingsaksie van onmeetlike waarde.

Hierdie is ‘n unieke genadegeskenk, naamlik dat EK julle mense kan aanspreek deur een van My kinders wat My so toegeneë is, wat My in vrye wil aanhoor en aan My Woorde glo, wie haarself die waarheid laat binnevoer en dit deurgee aan alle mense wat die helder lig dringend nodig het, om hulle in hierdie enorme duisternis van die gees te oriënteer.

Veel seën mag die mense reeds ontvang het wat die lig van die waarheid aangeneem het en ook die ontvanger self (B.D.) kom daardeur nader aan My hart. Sy neem My woorde gelowig aan en vergroot daarmee haar innerlike lig. Sy verkry daardeur ‘n insig in My besture en werke en in My heilsplan van ewigheid en daar word ook klarigheid aan haar gegee oor My verlossingswerk in Jesus Christus. Hierdie klarigheid kan My kind nou aan haar medemens deurgee, hulle wat voorheen in die duisternis was en daarom ook nie die genadegeskenk, naamlik My verlossingswerk in Jesus, kon benut nie.

EK kon reeds die waarheid na vele mense gestuur het, **maar slegs as daarna verlang word**. Slegs hulle wat My Woorde aanneem, sal dit nie meer vergeet nie en daardeur sal hulle op die goeie weg gehou word; maar hierdie weg kan die mense slegs vind as hulle hulself nie vir My woord, wat na hulle toe kom as ‘n gawe van die Vader, afsluit nie. Want Hy wil Sy kinders help om die weg terug na Hom toe te vind.

Die wil van elke mens is beslissend vir die vraag, of die seën van My woorde na Hom toe sal kom. As EK hom egter eenmaal kan aanspreek, dan sal hy My ook steeds meer as SY Vader in Jesus Christus herken. Sonder middelaar is dit egter nie by die mense moontlik nie, omdat EK geen mens daartoe dwing om My aan te hoor as EK tot Hom wil spreek nie, terwyl niemand andersins My Vaderstem sou herken het, as hy nie die wil daartoe sou gehad het om homself direk deur My te laat aanspreek nie.

My seën sal julle dus voortdurend begelei as julle julleself aan My toevertrou en My direkte inspraak in julle hart toelaat, want die nood op aarde is baie groot en alle mense het My hulp nodig wat hulle via My direkte inspraak duidelik ten deel laat val.

Daarom sal My “knegte” op aarde ook alle hulp ten deel val en EK sal hulle altyd deur My troue Vadersorg geestelik en liggaamlik versorg met My Krag omdat julle in My plek kan arbei vir My en My ryk, omdat julle in My plek besig kan wees en dit moontlik maak dat EK tot My kinders kan spreek wat hulself in nood bevind - en die stem van hulle Vader wil hoor. Hulle sal die hulp ontvang wat slegs EK hulle kan gee, omdat EK verlang na hulle tuiskoms en daarom alles sal doen om hulle te help om terug te keer na die Vaderhuis. Amein.